



**NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN PORTEFEULJEKOMITEES VAN DIE SWARTLAND  
MUNISIPALE RAAD, GEHOU IN DIE MALMESBURY BANKETSAAL OP WOENSDAG,  
6 MEI 2015 OM 10:00**

---

**- ADMINISTRASIE EN FINANSIES -**

**TEENWOORDIG:**

**RAADSLEDE:**

Voorsitter, rdl M van Zyl [Administrasie]  
Voorsitter, rdl M Rangasamy [Finansies]  
Ondervoorsitter, rdh N J A Rust

Abrahams, M Z  
Cleophas, J H  
Cloete, C M  
Cox-Bruintjies, Y S

Geel, B W  
Goliath, M S I  
Humphreys, F S  
Traut, L

Die Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen (in ex officio hoedanigheid)

**BEAMPTES:**

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz  
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys  
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit  
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr K C Cooper  
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche  
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp  
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr A J Botha  
Komiteebeampte, me S A Kulsen

**1. OPENING/VERLOF TOT AFWESIGHEID**

Rdl B W Geel open die vergadering met gebed op versoek van die voorsitter.

Verlof tot afwesigheid word verleen aan rdle A C Sedeman en O M Stemele.

**2. NOTULES**

**2.1 NOTULE VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERING (ADMINISTRASIE EN  
FINANSIES) GEHOU 4 MAART 2015**

**BESLUIT**

(op voorstel van rdl M Z Abrahams, gesecondeer deur rdh M S I Goliath)

Dat die notule van 'n Portefeuljekomiteevergadering (Administrasie en Finansies)  
gehou op 4 Maart 2015 as korrek bekragtig word.

**3. AFVAARDIGINGS/VOORLEGGINGS/MEDEDELINGS**

**3.1 SKRYWES VAN DANK EN WAARDERING AAN MUNISIPALITEIT SWARTLAND**

**BESLUIT**

Dat daar met dank kennis geneem word van die skrywes soos met die sakelys  
gesirkuleer.

**4. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES**

Geen

**5. GEDELEGEERDE SAKE M.B.T. ADMINISTRASIE**

**5.1 KWARTAALVERSLAG: JANUARIE – MAART 2015**

**5.1.1 MUNISIPALE BESTUURDER (7/1/2/2-7)**

**5.1.2 KORPORATIEWE DIENSTE (7/1/2/2-1)**

Die voorsitter lê die onderskeie kwartaalverslae ter tafel.

**BESLUIT**

(op voorstel van Rdh N J A Rust, gesekondeer deur Rdl M Z Abrahams)

Dat kennis geneem word van die kwartaalverslag van onderskeidelik die Munisipale Bestuurder en die Direktoraat Korporatiewe Dienste vir die tydperk Januarie – Maart 2015.

**6. SAKE VIR AANBEVELINGS AAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER**

**6.1 TERUGVOERING: FOKUSGROEP BESPREKING TUSSEN SALGA EN ROLSPELERS AANGAANDE 'N DIENSLEWERINGSOOREENKOMS MET ESKOM (11/1/1/24)**

Die SALGA Fokusgroep bespreking aangaande 'n diensleweringsooreenkoms met Eskom was op 11 Maart 2015 bygewoon deur die Uitvoerende Burgemeester, die Munisipale Bestuurder en die Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste. Die konsep diensleweringsooreenkoms met Eskom, sowel as die voorlegging wat deur mnr R du Toit tydens die fokusgroep hieromtrent gedoen was, is met die sakelys gesirkuleer.

**AANBEVELING**

(op voorstel van rdh M S I Goliath, gesekondeer deur rdl M Rangasamy)

- (a) Dat daar kennis geneem word van voormelde interaksie en die terugvoering;
- (b) Dat daar kennis geneem word van die vordering in hierdie verband sowel as die inhoudelike van die konsep ooreenkoms;
- (c) Dat die Raad van tyd tot tyd ingelig sal word van die vordering wat gemaak word, indien enige, op nasionale vlak.

**7. GEDELEGEERDE SAKE M.B.T. FINANSIES**

**7.1 KWARTAALVERSLAG: JANUARIE – MAART 2015**

**7.1.1 FINANSIËLE DIENSTE (7/1/2/2-2) (5/7/1/1)**

Die voorsitter, in oorleg met die Direkteur: Finansiële Dienste, behandel die maandverslag van die Direktoraat Finansiële Dienste.

**BESLUIT**

(op voorstel van rdl M van Zyl, gesekondeer deur rdl M Z Abrahams)

Dat kennis geneem word van die kwartaalverslag van die Direktoraat Finansiële Dienste vir die tydperk Januarie – Maart 2015.

**(GET) M VAN ZYL**  
**VOORSITTER: ADMINISTRASIE**

**(GET) M RANGASAMY**  
**VOORSITTER: FINANSIES**

**- SIVIELE EN ELEKTRIESE DIENSTE -****TEENWOORDIG:****RAADSLEDE:**

Voorsitter, rdl R F van der Westhuizen

Abrahams, M Z  
Cleophas, J H  
Goliath, M S I  
Rust, N J A

Stanley, B J  
Van Zyl, M  
Wilskut, W  
Zatu, N S

Die Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen (in ex officio hoedanigheid)

**BEAMPTES:**

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz  
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys  
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit  
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr K C Cooper  
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche  
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp  
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr A J Botha  
Komiteebeampte, me S A Kulsen

**1. OPENING/VERLOF TOT AFWESIGHEID**

Die vergadering neem om 10:13 'n aanvang.

Verlof tot afwesigheid word verleen aan rdle C Fortuin, C H Papers, O M Stemele en J I van der Merwe.

**2. NOTULES****2.1 NOTULE VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERING (SIVIELE- EN ELEKTRIESE DIENSTE) GEHOU 4 MAART 2015****BESLUIT**

(op voorstel van rdl M Z Abrahams, gesekondeer deur rdl W Wilskut)

Dat die notule van 'n Portefeuljekomiteevergadering (Siviele- en Elektriese Dienste) gehou op 4 Maart 2015 as korrek bekragtig word.

**3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/MEDEDELINGS**

Geen

**4. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES**

Geen

**5. GEDELEGEERDE SAKE****5.1 KWARTAALVERSLAE: JANUARIE – MAART 2015****5.1.1 SIVIELE INGENIEURSDIENSTE (7/1/2/2-4)****5.1.2 ELEKTRIESE INGENIEURSDIENSTE (7/1/2/2-6)**

Die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste lig enkele aspekte toe uit die maandverslag, onder andere dat nywerheidsinstansies bv. Darling Fresh Chickens op 'n gereelde basis besoek sal word om hul nywerheidsafloop te toets.

5.1/...

Die Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste behandel die kwartaalverslag vir Januarie – Maart 2015. Mnr R du Toit noem dat Eskom 'n beplande kragonderbreking vir Darling op 24 Mei 2015 sal implementeer.

**BESLUIT**

(op voorstel van rdh M S I Goliath, gesecondeer deur rdl W Wilskut)

Dat kennis geneem word van die kwartaalverslag van onderskeidelik die Direkoraat Siviele Ingenieursdienste en die Direkoraat Elektriese Ingenieursdienste vir die tydperk Januarie – Maart 2015.

**6. SAKE VIR AANBEVELINGS AAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER**

Geen

**(GET) R F VAN DER WESTHUIZEN  
VOORSITTER**

**- ONTWIKKELING- EN BESKERMINGSDIENSTE -****TEENWOORDIG:****RAADSLEDE:**

Voorsitter, rdl M van Zyl [Beskermingsdienste]  
 Voorsitter, rdl W Wilskut [Ontwikkelingsdienste]

Geel, B W	Stanley, B J
Goliath, M S I	Traut, L
Philander, D B	Van der Westhuizen, R F
Rangasamy, M	

Die Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen (in ex officio hoedanigheid)

**BEAMPTES:**

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz  
 Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys  
 Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit  
 Direkteur: Finansiële Dienste, mnr K C Cooper  
 Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche  
 Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp  
 Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr A J Botha  
 Bestuurder: Sekretariaat en Rekords, me N Brand

**1. OPENING/VERLOF TOT AFWESIGHEID**

Die vergadering neem om 10:30 'n aanvang.

Verlof tot afwesigheid word verleen aan rdle C H Papers, A C Sedeman, A M Sneewe en J I van der Merwe.

**2. NOTULES****2.1 NOTULE VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERING (ONTWIKKELINGS- EN BESKERMINGSDIENSTE) GEHOU 4 MAART 2015****BESLUIT**

(op voorstel van rdl M Rangasamy, gesekondeer deur rdh M S I Goliath)

Dat die notule van 'n Portefeuljekomiteevergadering (Ontwikkeling- en Beskermings- dienste) gehou op 4 Maart 2015 as korrek bekragtig word.

**3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/MEDEDELINGS**

Geen

**4. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES**

Geen

**5. GEDELEGEERDE SAKE MBT BESKERMINGSDIENSTE****5.1 KWARTAALVERSLAG: JANUARIE – MAART 2015****5.1.1 BESKERMINGSDIENSTE (7/1/2/2-3)****5.2 MAANDVERSLAG: MAART 2015****5.2.1 VERKEER & WETSTOEPASSINGSDIENS (7/1/2/2-3)****5.2.2 BRANDBESTRYDING (7/1/2/2-3)**

## 5.1 en 5.2/...

Die Direkteur: Beskermingsdienste behandel die kwartaalverslag vir Januarie – Maart 2015 asook die maandverslae van onderskeidelik die Verkeers- en Wetstoepassingsdiens en Brandbestryding vir Maart 2015. Mnr Humphreys noem dat vanaf die volgende portefeuljekomiteevergadering, 'n meer omvattende verslag vanaf die Verkeers- en Wetstoepassingsdiens ter tafel gelê sal word wat o.a. ook die ongelukstatistieke waarby diere betrokke is, sal insluit.

Mnr P A C Humphreys noem – na aanleiding van 'n vraag vanaf rdl D B Philander – dat die kameras waarvan daar in die media berig was, 'n inisiatief van die Malmesbury Sakekamer is. Hierdie inisiatief word deur Swartland Munisipaliteit ondersteun aangesien dit as 'n misdaadbekampingsmeganisme beskou word.

Die Munisipale Bestuurder noem dat die Bestuurder: Boubeheer, Beplanning en Waardasies, mnr Alwyn Zaayman, as *Champion* van die RSEP-projek versoek dat hierdie kameras moontlik by die RSEP-program gebruik word om dit sodoende by die sg. *hotspots* te installeer.

**BESLUIT**

(op voorstel van rdl M Rangasamy, gesekondeer deur rdh M S I Goliath)

Dat kennis geneem word van die kwartaalverslag van die Direkoraat Beskermingsdienste vir die tydperk Januarie – Maart 2015 asook die maandverslag van onderskeidelik die Verkeers- en Wetstoepassingsdiens en die Brandbestrydingsafdeling.

**6. SAKE VIR AANBEVELINGS AAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER**

Geen

**7. GEDELEGEERDE SAKE MBT ONTWIKKELINGSDIENSTE****7.1 KWARTAALVERSLAG: JANUARIE – MAART 2015****7.1.1 ONTWIKKELINGSDIENSTE**

Die voorsitter lê die kwartaalverslag ter tafel en word –

**BESLUIT**

(op voorstel van rdh M S I Goliath, gesekondeer deur rdl M Rangasamy)

Dat kennis geneem word van die kwartaalverslag van die Direkoraat Ontwikkelingsdienste vir die tydperk Januarie - Maart 2015.

**8. SAKE VIR AANBEVELINGS AAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER****8.1 VOORGESTELDE HERSONERING, ONDERVERDELING EN AFWYKING VAN GEDEELTES 43 EN 50 VAN DIE PLAAS VADERLANDSCHE RIETKUYL NO 525, AFDELING MALMESBURY (15/3/3-15/Farm\_525/43,50; 15/3/6-15/Farm\_525/43,50; 15/3/4-15/Farm\_525/43,50) (WYK 6)**

'n Aansoek is namens *Kaap Agri Pty Ltd* ontvang vir die voorgestelde hersonering, onderverdeling en afwyking van gedeeltes 43 en 50 van die Plaas Vaderlandsche Rietkuyl no. 525, Afdeling Malmesbury (Ruststasie).

Die grondgebruiksaanseoeke wat hieruit voortspruit word hieronder uiteengesit en word derhalwe –

**AANBEVEEL**

(op voorstel van rdl M Rangasamy, gesekondeer deur rdl B W Geel)

A Dat die aansoek vir die onderverdeling van gedeelte 43 van die plaas Vaderlandsche Rietkuyl no. 525 (groot 4668m<sup>2</sup>), Afdeling Malmesbury (Ruststasie) in 'n restant (±2490m<sup>2</sup>) en gedeelte A (±2178m<sup>2</sup>), ingevolge artikel 25(1) van Ordonnansie 15 van 1985, goedgekeur word.

8.1/...

- B Dat die aansoek vir die hersonering van gedeelte A ( $\pm 2178\text{m}^2$ ) van plaas 525/43, Afdeling Malmesbury vanaf algemene residensiële sone 1 na enkelresidensiële sone 1, ingevolge artikel 16(1) van Ordonnansie 15 van 1985, goedgekeur word.
- C Dat die aansoek vir die onderverdeling van gedeelte 50 van die plaas Vaderlandsche Rietkuyl no. 525 (groot  $7582\text{m}^2$ ), Afdeling Malmesbury (Ruststasie) in 'n restant ( $\pm 7522\text{m}^2$ ) en gedeelte A ( $\pm 60\text{m}^2$ ), ingevolge artikel 25(1) van Ordonnansie 15 van 1985, goedgekeur word.
- D Dat die aansoek vir die hersonering van gedeelte A ( $\pm 60\text{m}^2$ ) van plaas 525/50, Afdeling Malmesbury vanaf vervoersone 1 na enkelresidensiële sone 1, ingevolge artikel 16(1) van Ordonnansie 15 van 1985, goedgekeur word.
- E Dat die aansoek vir die onderverdeling van die konsolideerde gedeeltes in 8 gedeeltes wat wissel in grootte tussen  $\pm 136\text{m}^2$  tot  $\pm 244\text{m}^2$  en 'n pad (groot  $\pm 749\text{m}^2$ ), ingevolge artikel 25(1) van Ordonnansie 15 van 1985, goedgekeur word.
- F Dat die aansoek vir afwykings ten einde af te wyk van die 3m straatboulyne na  $\pm 1\text{m}$  en die 1,5m syboulyne na 0m as gevolg van die bestaande woonhuise op die nuutgeskepte erwe, ingevolge artikel 15(1)(b) van Ordonnansie 15 van 1985, goedgekeur word.
- G Dat punte A, B, C, D en E onderhewig is aan die volgende voorwaardes:

#### **G1 STADSBEPLANNING EN BOUBEHEER**

- (a) dat gedeelte A ( $\pm 2178\text{m}^2$ ) van plaas 525/43, Afdeling Malmesbury konsolideer word met gedeelte A ( $\pm 60\text{m}^2$ ) van plaas 525/50, Afdeling Malmesbury;
- (b) dat die beswaarmakers op hul reg tot appèl per geregistreerde pos gewys word;

#### **G2 WATER**

- (a) dat die Weskus Distriksmunisipaliteit waterdienste aan die ontwikkeling voorsien en derhalwe moet hierdie owerheid se kommentaar ten opsigte van die watervoorsiening verkry word;
- (b) dat elke erf afsonderlik koppel met die watervoorsieningsnetwerk en dat geen pypwerk tussen die erwe gedeel word nie;

#### **G3 RIOOL**

- (a) dat die voorgestelde hersonering en onderverdeling afsonderlike residensiële eiendomme skep, gevolglik kan gesamentlike riooltenke wat tans tussen 'n aantal woonhuise gedeel word nie meer gebruik word nie en moet gevolglik ontkoppel en afsonderlik voorsien word;
- (b) dat elke woonef van 'n aparte riooluitsuigtenk voorsien word. Hiervoor moet die aansoeker 'n ingenieur toepaslik geregistreer ingevolge die bepalings van Wet van 2000 aanstel om die tenke te ontwerp. Die ontwerp moet aan die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste voorsien word vir goedkeuring en die tenke moet onder die toesig van die ingenieur aangebring word;

#### **G4 STRATE EN STORMWATER**

- (a) dat die interne pad wat geskep word opgradeer word tot 'n permanente oppervlak. Hiervoor moet die aansoeker 'n ingenieur toepaslik geregistreer ingevolge die bepalings van Wet 42 van 2000 aanstel om die pad te ontwerp. Die ontwerp moet aan die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste voorsien word vir goedkeuring en die pad moet onder die toesig van die ingenieur aangebring word;
- (b) dat die pad nie deur Swartland Munisipaliteit oorgeneem word nie;

8.1/...

**G5 VULLISVERWYDERING**

- (a) dat 'n basiese vullistarief vir elke perseel gehef word en in die geval waar daar meer as een wooneenheid op 'n perseel is, vir elke wooneenheid;
- (b) dat vullis in swartsakke op die naaste munisipale sypaadjie op die oggend van vullisverwydering geplaas word;

**G6 ESKOM**

- (a) dat indien dit nodig is om enige Eskom dienste te verskuif of te ondersteun, 'n tydperk van ten minste 3 maande per skriftelike kennisgewing gegee moet word. Die rekening van die werke is vir die eienaar/ontwikkelaar;
- (b) dat Eskom se reg tot die eiendom nie affekteer sal word nie;

**G7 WESKUS DISTRIKMUNISIPALITEIT**

- (a) dat by die registrasie en oordrag van die individuele erwe, moet aansoek by die Weskus Distriksmunisipaliteit se Afdeling: Water vir 'n individuele waterpunt vir elk van die 8 erwe gedoen word. Die kostes daaraan verbonde is vir die rekening van die eienaar/ontwikkelaar;
- (b) dat indien 'n gewysigde toegang vanaf OP5493 benodig word, moet die kommentaar van die Departement van Vervoer en Openbare Werke verkry word;
- (c) dat ander dienste (stormwater, vullisverwydering, riolering, interne straat, ens.) moet voldoen aan die standaard van Swartland Munisipaliteit;

**G8 ALGEMEEN**

- (a) dat enige bestaande dienste wat die onderverdeelde gedeeltes aan mekaar koppel, verskuif en/of ontkoppel word sodat elke erf se pypwerk op die betrokke erf geleë is;
- (b) dat indien die uitbreiding van enige bestaande dienste nodig sou wees om die onderverdeelde gedeeltes van diensaansluitings te kan voorsien, dit vir die koste van die aansoeker sal wees;
- (c) dat die wetlike sertifikaat wat oordrag van enige onderverdeelde gedeelte ingevolge artikel 31 van Ordonnansie 15 van 1985 magtig, nie uitgereik sal word alvorens daar aan die relevante voorwaardes voldoen is nie.

H Dat die aansoek om die volgende redes ondersteun word:

- (a) Die aansoek het slegs ten doel om die bestaande situasie van die woonhuis te formaliseer;
- (b) Die aansoek is versoenbaar met die ruimtelike beplanning van toepassing op Ruststasie.

**8.2 VOORGESTELDE ONDERVERDELING, VERGUNNINGSGEBRUIK MET AFWYKING VAN ERF 1215, MALMESBURY (15/3/4-8/Erf\_1215; 15/3/6-8/Erf\_1215; 15/3/10-8/Erf\_1215) (WYK 8)**

Dit het onder Swartland Munisipaliteit se aandag gekom dat die eienaar op erf 1215, geleë te Bloemstraat 4, Malmesbury besig was om die bestaande woonhuis in vier wooneenhede te omskep en dit was tydens 'n terplaatse inspeksie bevestig. Die eienaar was gevolglik in kennis gestel dat die eiendom soneer is as enkelresidensiële sone 1 ingevolge die Swartland Geïntegreerde Soneringskemaregulasies en dat die omskepping van die woonhuis in vier wooneenhede teenstrydig is met die betrokke soneringskemaregulasies. Die eienaar was versoek om alle bouwerke onmiddelik te staak en dat die nodige grondgebruiksaansoek eers vir oorweging ingedien moet word, alvorens daar met enige bouwerke voortgegaan kan word.

Aansoek word/...



8.2/...

Aansoek word gedoen namens die geregistreerde eienaar, Zeelie Familie Trust vir die onderverdeling van erf 1215, Malmesbury (groot 966m<sup>2</sup>) ten einde twee gedeeltes te skep wat die restant (groot ±451m<sup>2</sup>) en gedeelte A (groot ±515m<sup>2</sup>). insluit

Siende dat die voorstel insluit om die bestaande huis in twee dele te verdeel word daar ook aansoek gedoen vir 'n afwyking van die kantboulyn ten opsigte van die gemeenskaplike grens van die twee gedeeltes, vanaf die voorgeskrewe 1.5m na 0m.

Gegewe die bogenoemde agtergrond word daar ook aansoek gedoen vir 'n vergunningsgebruik ten einde 'n dubbelwoonhuis op beide die restant sowel as gedeelte A te akkommodeer.

### **AANBEVELING**

(op voorstel van rdl B W Geel, gesekondeer deur rdl R F van der Westhuizen)

- A Dat die aansoek vir die onderverdeling van erf 1215 (groot 966m<sup>2</sup>) geleë te Bloemstraat 4, Malmesbury ingevolge artikel 25(1) van Ordonnansie 15 van 1985 in 'n restant (±451m<sup>2</sup>) en gedeelte A (±515m<sup>2</sup>), goedgekeur word;
- B Dat die aansoek vir die vergunningsgebruik ten einde 'n dubbelwoonhuis op die restant van erf 1215 sowel as gedeelte A te akkommodeer, ingevolge artikel 7, Hoofstuk 14.4.1 van die Swartland Geïntegreerde Soneringskema regulasies van Ordonnansie 15 van 1985, goedgekeur word;
- C Dat punte A en B onderhewig is aan die volgende voorwaardes:

#### **C1 STADSBEPLANNING EN BOUBEHEER**

- (a) dat die nodige bouplanne aan die Direkteur: Ontwikkelingsdienste vir oorweging voorgelê word;
- (b) dat op perseel parkering vir die wooneenhede voorsien word;

#### **C2 WATER**

- (a) dat elke onderverdeelde gedeelte van 'n aparte wateraansluiting voorsien word. Hierdie voorwaarde is op onderverdelingstadium van toepassing;

#### **C3 RIOOL**

- (a) dat elke onderverdeelde gedeelte van 'n afsonderlike rioolaansluiting voorsien word. Hierdie voorwaarde is op onderverdelingstadium van toepassing;

#### **C4 VULLISVERWYDERING**

- (a) dat die basiese vullisverwyderingstarief vir elke beboude sowel as onbeboude erf asook vir elke wooneenheid op 'n perseel gehef word;
- (b) dat die vullis in swartsakke op die naaste munisipale sypaadjie op die oggend van verwydering geplaas word;

#### **C5 ELEKTRISITEIT**

- (a) dat elke onderverdeelde gedeelte van 'n afsonderlike elektriese aansluiting op koste van die eienaar/ontwikkelaar voorsien word;
- (b) dat enige verskuiwings van elektriese kables oor die betrokke onderverdeelde gedeelte verskuif sal word ten koste van die eienaar/ontwikkelaar;
- (c) dat enige elektriese tussenverbinding ge-isoleer en ten volle verwyder sal word;
- (d) dat die elektrisiteitaansluiting aan bestaande langspanning netwerk gekoppel sal word;
- (e) dat addisioneel tot bogenoemde, die ontwikkelaar of eienaar vir die elektrisiteit aansluitings aan onderverdeelde gedeeltes moet betaal;

8.2/...

**C6 ALGEMEEN**

- (a) dat indien dit nodig sou wees om enige bestaande dienste uit te brei ten einde die onderverdeelde gedeeltes van diensaansluitings te kan voorsien, dit vir die koste van die eienaar/ontwikkelaar sal wees;
- (b) dat enige bestaande dienste wat die restant en die onderverdeelde gedeelte aan mekaar koppel, verskuif en/of ontkoppel word sodat elke erf se pypwerk op die betrokke erf geleë is;
- (c) dat die wetlike sertifikaat wat enige van die onderverdeelde gedeeltes magtig nie uitgereik sal word alvorens daar aan bogenoemde voorwaardes voldoen is nie;
- (d) dat die beswaarmakers van die besluit in kennis gestel word en op hul reg tot appèl gewys word;

**C7 KAPITAALBYDRAE**

- (a) dat die eienaar/ontwikkelaar kennis neem van die kapitaalbydrae vir die grootmaat voorsiening van streekswater ten bedrae van van R10 795,80 x 0.6 vir medium residensiële digtheid per nuutgeskepte eenheid. Hierdie kapitaalbydrae ('n totaal van R19 432,44) is betaalbaar aan Swartland Munisipaliteit. Hierdie bedrag is geldig vir die finansiële jaar van 2014/2015 en kan daarna hersien word en is betaalbaar teen posnommer 50-80-75-72-7990;
- (b) dat die vaste kapitaalbydrae t.o.v. grootmaatwaterdienste ten bedrae van R7 277,00 gemaak word per nuutgeskepte eenheid. Hierdie bedrag ('n totaal van R 21 831,00) is betaalbaar teen posnommer 77-92-86-00-6200 en is geldig vir die finansiële jaar van 2014/2015 en kan hierna hersien word;
- (c) dat die vaste kapitaalbydrae t.o.v. grootmaatriooldienste ten bedrae van R3 600,00 gemaak word per nuutgeskepte eenheid. Hierdie bedrag ('n totaal van R 10 800,00) is betaalbaar teen posnommer 59-76-86-00-6200 en is geldig vir die finansiële jaar van 2014/2015 en kan hierna hersien word;
- (d) dat die vaste kapitaalbydrae t.o.v. strate en stormwater ten bedrae van R 5 363,00 gemaak word per nuutgeskepte eenheid. Hierdie bedrag ('n totaal van R 16 089,00) is betaalbaar teen posnommer 71-82-86-00-6200 en is geldig vir die finansiële jaar van 2014/2015 en kan hierna hersien word;
- (e) dat die vaste kapitaalbydrae t.o.v. elektrisiteit ten bedrae van R4 321,00 gemaak word per nuutgeskepte eenheid. Hierdie bedrag ('n totaal van R 12 963,00) is betaalbaar teen posnommer 71-82-86-00-6200 en is geldig vir die finansiële jaar van 2014/2015 en kan hierna hersien word;
- (f) dat ingevolge die Raadsbesluit gedateer Mei 2014 is daar 'n 50% korting op die kapitaalbydraes van toepassing. Hierdie korting is geldig vir die finansiële jaar van 2014/2015 en kan hierna hersien word;

D Dat die aansoek vir die afwyking van die boulyn vanaf 2m na 0m ingevolge artikel 15(1)(b) van Ordonnansie 15 van 1985, goedgekeur word;

E Dat die volgende redes vir die goedkeuring aangevoer word:

**E1 ONDERVERDELING**

- (a) Voorgestelde onderverdeling voldoen aan die goedgekeurde minimum erfgroottes vir die betrokke area;
- (b) Daar is fisies geen beperkings wat die voorgestelde aansoek negatief sal beïnvloed nie;
- (c) Daar is ook geen beperkings teen die titelakte van die eiendom geregistreer wat die aansoek negatief beïnvloed nie;

8.2/...

**E2 VERGUNNINGSGEBRUIK**

- (a) Die eiendom front aan twee strate en sal die aansoek gevolglik nie 'n negatiewe impak op die omliggende omgewing hê nie;

**E3 AFWYKING**

- (a) Die voorgestelde onderverdelingslyn sny deur die bestaande woning, gevolglik sal die voorgestelde afwyking van die syboulyne nie 'n negatiewe impak vir aanliggende eiendomme hê nie.

**8.3 VOORGESTELDE HERSONERING VAN ERF 1270, RIEBEEK KASTEEL (15/3/3-11/Erf\_1270) (WYK 12)**

Aansoek word namens die eienaars (Jovanka Schrickker en Bruce Arnold Daniels) gedoen vir die hersonering van erf 1270 (743m<sup>2</sup>), geleë te Piet Retiefstraat, Riebeek Kasteel vanaf enkelresidensiële sone 1 na sakesone 2 ten einde 'n woonbuurt gimnasium van die perseel te bedryf.

**AANBEVELING<sup>1</sup>**

(op voorstel van rdl M van Zyl, gesekondeer deur rdl L Traut)

Dat die aansoek vir die hersonering van erf 1270 (743m<sup>2</sup>), geleë te Piet Retiefstraat, Riebeek Kasteel vanaf enkelresidensiële sone 1 na sakesone 2 ten einde 'n woonbuurt gimnasium van die perseel te bedryf, ingevolge artikel 16(1) van Ordonnansie 15 van 1985 goedgekeur word, onderhewig aan die volgende voorwaardes:

**A1 STADSBEPLANNING EN BOUBEHEER**

- (a) dat bouplanne vir die voorgestelde gimnasium aan die Direkteur: Ontwikkelingsdienste vir oorweging voorgelê word;
- (b) dat ten minste 10 op-perseel parkering soos voorgelê in hierdie aansoek voorsien word;
- (c) dat die parkeerplekke van 'n permanente stofvrye oppervlakte hetsy teer, beton of plaveisel of 'n materiaal vooraf goedgekeur deur Swartland Munisipaliteit voorsien word en dat dit duidelik gemerk word;
- (d) dat die nodige aansoek vir die vertoning van 'n advertensieteken by die Direkteur: Ontwikkelingsdienste gedoen word;
- (e) dat die nodige aansoek vir 'n handelslisensie by Swartland Munisipaliteit, asook 'n geskikheidsertifikaat by die Weskus Distriksmunisipaliteit vir die bedryf van die kafeteria gedoen word;
- (f) dat die kafeteria nie as 'n restaurant bedryf word nie;
- (g) dat enige geraas wat deur die aktiwiteite van die gimnasium opgewek word beperk word tot binne die grense van erf 1270;
- (h) dat die besigheidsure van die gimnasium beperk word vanaf 07:00 tot 18:00 Maandae tot Vrydae en vanaf 07:00 tot 13:00 Saterdag;
- (i) dat die eienaar/ontwikkelaar hierdie munisipaliteit skriftelik in kennis stel wanneer daar uitvoering aan die voorwaardes gegee is;
- (j) dat die hersonering ingevolge artikel 16(2)(a)(i) van Ordonnansie 15 van 1985 vir 'n tydperk van 2 jaar geldig is;
- (k) dat die beswaarmaker op haar reg tot appèl per geregistreerde pos gewys word;

**A2 RIOOL**

- (a) dat die voorgestelde gimnasium van 'n enkele rioolaansluiting voorsien word;

**A3 WATER**

- (a) dat die voorgestelde gimnasium van 'n enkele wateraansluiting; voorsien word

<sup>1</sup> Item onttrek – sien notule van UBK gedateer 13 Mei 2015

8.3/...

**A4 STRATE EN STORMWATER**

- (a) dat die voorgestelde parkeerareas en sypaadjie waaroor die parkeerplekke toegang verkry, van 'n permanente oppervlakte hetsy teer, beton of plaveisel of 'n materiaal vooraf goedgekeur deur Swartland Munisipaliteit voorsien word;

**A5 VULLISVERWYDERING**

- (a) dat die basiese vullisverwyderingstarief vir die besigheid gehef word en dat die tarief aangepas sal word namate die hoeveelheid vullis wat verwyder word;
- (b) dat die vullis in swartsakke op die naaste munisipale sypaadjie op oggend van verwydering geplaas word;

**A6 KAPITAALBYDRAE**

- (a) dat die vaste kapitaalbydrae t.o.v. paaie ten bedrae van R60 874,56 aan hierdie munisipaliteit op bouplanstadium gemaak word. Hierdie bedrag is betaalbaar teen posnommer 71-82-86-00-6210 en is geldig vir die finansiële jaar van 2014/2015 en kan hierna hersien word;
- (b) dat die vaste kapitaalbydrae t.o.v. riool ten bedrae van R1 077,30 aan hierdie munisipaliteit op bouplanstadium gemaak word. Hierdie bedrag is betaalbaar teen posnommer 59-76-86-00-6200 en is geldig vir die finansiële jaar van 2014/2015 en kan hierna hersien word;
- (c) dat die vaste kapitaalbydrae t.o.v. afvalwater behandeling ten bedrae van R9 644,40 aan hierdie munisipaliteit op bouplanstadium gemaak word. Hierdie bedrag is betaalbaar teen posnommer 59- 76-86-00-6220 en is geldig vir die finansiële jaar van 2014/2015 en kan hierna hersien word;
- (d) dat ingevolge 'n Raadsbesluit gedateer Mei 2014 daar 'n 50% korting is op die kapitaalbydraes van toepassing op Swartland Munisipaliteit. Hierdie korting is geldig vir die finansiële jaar van 2014/2015 en kan hierna hersien word;

**A7 ESKOM**

- (a) dat indien die voorgestelde onderverdeling veroorsaak dat enige Eskom dienste verskuif moet word sal die koste daaraan verbonde vir die rekening van die eienaar/ontwikkelaar wees;
- (b) dat die oprigting van enige struktuur binne 9m van 'n Eskom kraglyn verbode is;
- (c) dat die eienaar/ontwikkelaar verantwoordelik is vir die kragtoevoer na die onderverdeelde perseel;

**A8 ALGEMEEN**

- (a) dat indien die uitbreiding van enige bestaande dienste nodig sou wees om die ontwikkeling van diensaansluitings te kan voorsien, dit vir die koste van die aansoeker sal wees.

**B REDES VIR AANBEVELING**

- (a) Die voorgestelde hersonering is met die ruimtelike beplanning van Riebeek Kasteel versoenbaar;
- (b) Die ontwikkelingsvoorstel voldoen aan alle soneringsparameters van die voorgestelde sakesone 2 sonering.